
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 12




Skaars het Oloff van sy skrik herstel en voordat hy nog helder kan dink, het Gerhard 'n paar tree laer gespring en lewer hy die eerste steek met sy swaard na Oloff. Dit is maar te duidelik wat sy plan is: om Oloff nie weer in hegtenis te neem nie, maar om hom hier van die gras af te maak. Toe hy die eerste hou wild van hom af wegklap en verdedigend 'n tree agteruitspring sodat hy byna teen Rynette stamp, kom verskeie gedagtes by hom op. Gerhard is die man wat almal van die begin af teen Oloff gewaarsku het. As hy nou ten spyte van die teenstand wat hy ondervind het nog die prestasie kan hê om die gevreesde Oloff met die swaard aan te durf en te dood onderwyl hy besig was om te ontsnap, sal hy soos 'n koning in Holland ontvang word.

Stofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 12



,,Maar sê nou dis 'n lokval, Oloff.'' Henning Roux klink besorgd. Sy lang, lenige gestalte is effens vooroor geboë. Die roeiers rus op die spane toe hy hulle saggies versoek om op te hou roei. Die skeepsboot gly geluidloos deur die stil water van Houtbaai. Net die gedruis van die branders op die strand word met die aandwind van die land af na hulle aangewaai.

,,Ek verstaan jou houding glad nie, Henning,'' antwoord Oloff. Sy sagte, beskaafde stem klink opgewek toe hy die vrees van sy vriend verwerp, maar ook hy probeer angstig om deur die donkerte die strand agter die wit skuimrand van die branders te sien. Die dowwe sterlig weerkaats in sy blou oë en werp 'n effense skynsel op die vlammende rooi hare wat met 'n strik netjies agter in sy nek vasgeknoop is. Sy breë skouers is agteroor en hy staan regop in die agterstewe van die boot met die roer in sy regterhand. Sy linkerhand rus gemaklik op die kolf van 'n pistool in sy breë gordel waar hy die mantel teruggetrek het.

,,Dit is 'n paar jaar gelede dat jy Te Hoogen laas gesien het, Oloff,'' hou Henning vol.

,,En waarom sou hy in daardie paar jaar besluit dat dit nodig is om 'n strik vir my te stel?'' werp Oloff bedaard teë. ,,Hy weet dat ek hom vertrou. Hy kon my maklik openlik genader het en vasgetrek het.'' Hy skud sy kop—amper asof hy homself ook wil oortuig. ,,Roei,'' versoek hy sy bemanning en terselfdertyd stuur hy die boot links na die donker strand onder die hoë piek wat die eenkant van die baai omsluit.

,,Miskien het hy nooit geweet hoe om met jou in aanraking te kom nie, Oloff,'' sê Henning bedruk. ,,Nou het jy hom versoek om jou te ontmoet. Miskien neem hy sy kans waar. . .''

,,Admiraal Rynhardt te Hoogen is 'n eerbare man, Henning,'' keer Oloff sy vriend amper formeel. ,,Hy is destyds gestuur om my van die see af te verjaag. Dit was toe nie baie moeilik om hom van my eerlike bedoelings te oortuig nie. Hy self het my verhef tot

kaptein van die Hollandse vloot. Waarom sal hy nou skielik?''

,,Toe was jy verloof aan sy suster, Oloff,'' val Henning hom in die rede. ,,Sedertdien is jul verlowing verbreek en het jy haar nog nie weer gesien nie. Voorheen was sy jou voorspraak.''

,,Ons is nie kwaaivriende uitmekaar nie, Henning. Sy was nie gewillig om met my swerwerslewe genoeë te neem nie. Vir my was dit onmoontlik om dit op daardie stadium te staak toe die drif en wrok wat ek teen die seerowergemeenskap gekoester het nog soveel sterker as nou in my opgevlam het. Toe. . .''

,,Ek weet dit alles, Oloff.'' Sy vriend rus sy hand op Oloff se skouer. ,,Maar jy is vandag getroud en gevoelens kon verander het. Dit is om jou ontwil dat ek besorgd is.''

,,Ek weet dit, Henning,'' antwoord Oloff opreg. ,,Ek waardeer dit. Maar ek glo nie dat Rynhardt of Anna so kleinlik is nie dat in geval hulle wel nuus omtrent my ontvang het, hulle as gevolg daarvan hulle opinie van my en hulle vertroue in my sou wysig.'' Hy lag saggies, maar opgewek asof hy hierdie bedrukkende gesprek daarmee wil beëindig.

,,Waarom kom jy nou ter elfder ure met al heirdie besware te voorskyn? Van die begin af het ek stap vir stap met jou oorleg gepleeg. Ons het saam besluit dat dit 'n goeie plan is om Rynhardt se hulp in te roep.''

,,Ek weet.'' Henning sug. Hy kyk voor hom uit want hulle voel reeds die deining van die eerste brander onder hulle en die skuimspatsels van die wit branderrante is geniepsig in hul gesigte. ,,Ek wonder nou of ons nie maar op ons eie moes voortgegaan het met ons planne nie.''

,,Jy neul soos 'n ou vrou, Henning!'' roep Oloff gedemp uit. ,,Die verwoesting van Deelenbaai is 'n reusetaak. Met Rynhardt se hulp sal ons ons doelwit soveel vroeër kan bereik. En dit is nie al nie. Jy vergeet gedurig dat ons ná die uitwissing van daardie rowernes met geruste gewetes weer tot die beskaafde samelewing kan toetree en ons iewers vestig soos normale burgers van 'n vreedsame gemeenskap. Voor ons dit egter kan doen, moet ons





ons onskuld in die oë van die wêreld bewys. Ons het getuies nodig, Henning—nie net een nie, maar honderde sodat hulle die waarheid omtrent ons kan versprei. Rynhardt te Hoogen en die bemannings van sy vloot sal daardie rol vervul. Daarom—miskien meer as om enige ander rede—het ons hul hulp nodig.''

Henning Roux haal sy skouers op. Hy is sy eie lewe aan sy vriend en leier verskuldig, want hy sou gesterf het in die slawekampe van Deelenbaai as Oloff hom nie bevry het nie. Hy sal sy opinie uitspreek maar daarna sal hy Oloff volg tot die dood toe.

Die spane word ingehaal en geluidloos binne-in die skuit neergelê. Die enigste geluid is die sagte geskuur van metaal toe een van die manne sy sabel nie versigtig genoeg deur die ystergrepe trek nie. Hulle het reeds hul bevele en nie 'n woord word gepraat nie.

In die boeg wuif die loods en Oloff kan die beweging net-net teen die wit strand in die agtergrond sien. Omdat hy nou weet dat daar nie rotse voor is nie, stuur hy die skuit loodreg op die kruin van die brander wat dit oplig en hoog op die strand uitstoot. Skaars skuur die kiel in die sand of is die tien man kniediep in die water en met die sabels in die regterkant gryp hul die kant van die boot met die linkerhand en sleep dit 'n entjie verder op.

Dan staan hulle stil. Ligvoet spring Oloff uit en met Henning langs hom kyk hulle langs die strand af en teen die hange uit waar die twaalf apostels begin. Hulle kan Tafelberg nie sien nie, maar vir 'n oomblik gaan Oloff se gedagtes terug na 'n klompie jaar gelede toe hy vir die eerste keer by die Kaap die Goeie Hoop aangekom het. Hier is sy vader vermoor en hier het sy swerwersbestaan begin.

Maar hy skud dié gedagtes van hom af. Hy het met Rynhardt te Hoogen gereël om hom hier in die baai te ontmoet. 'n Paar maande gelede reeds het hy 'n brief aan die jong admiraal in Holland gerig. Hy het 'n adres gelaat waarheen die antwoord gestuur kon word en sy blyste verwagtinge is oortref toe die brief hom meedeel dat Rynhardt amper tegelykertyd daarmee na die Kaap vertrek het.

Oloff het die Kaap as die geskikste plek vir hul ontmoeting geag omdat die grootste geheimhouding noodsaaklik is vir die sukses van sy planne. Al wou hy dit nie een keer teenoor Henning erken nie, kon hy die feit dat hy Rynhardt so lank gelede gesien het en dat veel intussen kon gebeur het, nie veronagsaam nie.

,,Julle moet hier wag, Henning,'' versoek hy sag.

,,Ek gaan saam, Oloff.''

Oloff haal sy skouers op. Dit is reeds laat en daar is nie tyd vir argumenteer nie.

,,Nou maar kom.'' Ná 'n paar gedempte bevele aan die bemanning, stap hulle op die buiterand van die strand onder die kliphange langs. ,,Ek hoop jy merk op dat ek taamlik versigtig te werk gaan,'' sê Oloff droog.

,,Altyd groot mond,'' antwoord Henning en lag saggies, ,,maar ook maar versigtig, nè?''

Waar die strand indraai, hardloop hulle gebukkend oor 'n sandduin. Af en toe verbeel Oloff hom dat hy 'n gestalte naby die waterkant gewaar, maar dan stel hy vas dat dit maar net 'n stuk swart bamboes is.

Hy kom tot stilstand, en leun nader totdat sy lippe amper teen Henning se oor is.

,,Dit is snaaks,'' fluister hy. ,,Hulle behoort tog hier iewers te wees. Teen die wit sand moes ons hulle tog al gesien het.''

,,Ek het jou gesê, Oloff,'' antwoord Henning angstig. ,,Hulle wag dalk. . .''

,,Moenie weer met jou voorspooksels begin nie,'' keer Oloff hom. ,,Kom ons gaan dieper die land in en dan verken ons kruis en dwars terug strand toe. Ons sal gou genoeg agterkom watter soort ontvangs daar vir ons gereël is.''

Oor elke duin loer hulle lank in die skaduwees van die holte aan die anderkant. Dan seil hulle soos slange daaroor en gly teen die sandwal af. Dit is toe hulle agter een van die duine lê dat Oloff die sagte gefluister hoor. Hy skuif tot teen 'n biesiepol sodat sy kop en skouers nie bo die rand teen die sterlig sigbaar moet wees wanneer





hy oorkyk nie.

Sy oë het reeds aan die donkerte gewoond geraak. Dof onderskei hy die drie gestaltes wat in die sloot tussen die duine teen die sand uitgestrek lê. Van hier af kan hulle die oop strand voor hulle sien, maar Oloff weet dat hul uitsig tot by die brekende branders beperk is.

,,Wag julle dalk vir ons?'' roep Oloff ewe ongeëerg uit. Omdat hulle met 'n kronkelgang oor die duine tot hier gekom het, weet hy dat daar niemand anders in die omtrek verskuil is nie. Hierdie drie manne is alleen. Hy het sy pistool gereed.

Die drie mans spring orent. Oloff sien die ontblote wapens in hul hande. Dadelik herken hy die netjiese, kragtige gestalte van die jong admiraal Rynhardt te Hoogen.

,,Dit hang af wie julle is,'' antwoord Rynhardt versigtig, maar droog.

,,Rynhardt!'' roep Oloff met warme vriendelikheid uit terwyl hy en Henning opspring en skuif-skuif teen die steil los wal afstap. ,,Waarom skuil jy hier soos 'n dief in die nag?''

,,Wanneer 'n mens met sulke berugte skepsels soos julle te doen het,'' werp Rynhardt laggend terug, ,,moet jy alle moontlike voorsorg tref.''

,,Jy wil tog nie sê dat jy my wantrou nie!'' Oloff gryp sy hand in 'n stewige handdruk.

,,Hoe moet ek selfs nou weet dat daar nie van jou moordlustige hordes hier agter die duine verskuil is nie?''

,,Jy klink nie bekommerd nie.''

Oloff wend hom tot Henning. ,,Jy onthou nog my vriend, Henning Roux?''

,,Natuurlik.'' Rynhardt groet Henning hartlik. ,,Maar jy lag nou, Oloff,'' vervolg hy dan. ,,Tog het ek sulke bloedstollende verhale van jou bedrywighede in die Indiese Oseaan gehoor sedert ons mekaar laas gesien het dat ek myself soms doelbewus moes oortuig van die waarheid. Hoe kry jy dit reg om so 'n skrikwekkende reputasie op te bou?''

Oloff kyk vlugtig na die twee mans by Rynhardt. Hulle het beleefd teruggestaan.

,,Dit is twee van my bemanning," sê Rynhardt dadelik toe hy Oloff se blik opmerk. ,,Jy kan hulle vertrou. Maar regtig, Oloff, dit gaan my verstand te bowe hoe jy daarin slaag om 'n stryd teen die seerowers te voer en tog word feitlik elke gruweldaad op die handelsroetes na die Ooste aan jou toegeskryf."

,,Dit is maar toeval—die noodlot." Oloff lag. ,,Soos jy weet, leef ek nou geruime tyd al in Deelenbaai waar meeste van die grootste seerowers kom uitrus na hul strooptogte. Van daar af volg ek hulle bewegings, maar dikwels slaag ek nie daarin om betyds op hulle af te kom waar hulle onskuldige handelsvaarders aanval nie. Dit is sulke tye wat die oorlewendes my sien—my twee skepe word maklik uitgeken—en daarom word die stories versprei."

,,Jy kan my later alles vertel, Oloff," keer Rynhardt hom. ,,Ek brand van nuuskierigheid, veral omtrent die dinge wat jy in jou brief aangehaal het. Het ek reg verstaan dat jy van plan is om Deelenbaai te verwoes?"

Oloff kan 'n lag nie bedwing toe hy die ongelowigheid in die ander se stem hoor nie. Hy knik.

,,Dit is die plan, Rynhardt."

,,Maar dit is feitlik onmoontlik," hou Te Hoogen vol. ,,Dit is al talle kere bespreek, en net soveel keer is die blote gedagte daaraan verwerp. Dit sal 'n vloot tien keer so groot soos myne verg om daardie taak selfs te probeer aanpak. Deelenbaai is 'n magtige vesting en daar is altyd 'n vloot kapers in die hawe. Die bemanning is van die geoefendste seelui wat daar vandag bestaan. Hulle sal soos diere tot die dood toe veg."

Oloff hou sy hand op. Hy glimlag nog steeds.

,,Jy vergeet, Rynhardt," sê hy sag. ,,Dat ek beskou word as Deelenbaai se magtigste seerowerkaptein. Hierdie dinge besef ek terdeë. Ek het reeds die vlote van twee van die sterkste kapteins vernietig—eers die berugte kaptein Haak en toe die gevreesde Rooi Mark. Daardeur het ek die seerowermag 'n kwaai knou gegee





sodat die algehele verwoesting van Deelenbaai met een slag nou vir ons moontlik geword het." Hy lag skalks. ,,In alle geval," vervolg hy. ,,Jy sou tog nie hierheen gekom het as jy geglo het dat dit nie moontlik is nie."

Rynhardt laat sy blik sak. Dit is asof hy bewus is van die gretigheid en die oortuiging waarmee Oloff sy samewerking aanvaar. Stadig skud hy sy kop maar kyk dan skielik op en sê heftig.

,,Dit is nie daarom dat ek gekom het nie, Oloff."

,,Maar. . . maar. . ."

,,Ek kon nie in my brief verduidelik nie," val Rynhardt hom in die rede. ,,Dit is bloot toeval dat ek juis op hierdie tydstip opdrag ontvang het om 'n inspeksietoer na Batavia te onderneem."

,,'n Inspeksietoer?" Oloff staan verslae. ,,Kan dit dan belangriker wees as die verwydering van 'n euwel wat die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie elke jaar ontelbare duisende gulden skade berokken?"

,,Dit . . . jy verstaan nie, Oloff." Rynhardt sug. ,,Ek het een of twee keer met jou in aanraking probeer kom, maar het natuurlik nooit geweet waar om jou te vind nie." Hy vervolg haastig. ,,Toe ek jou destyds tot kaptein van die vloot verhef het, is jou rang erken deur die Here Sewentien. Soos jy egter self weet, moes ons vir jou eie beswil—sodat jy met jou werk op jou manier kon voortgaan—die hele saak geheim hou. Op daardie stadium was die magtigste direkteur jou saak goedgesind en alhoewel daar van verskeie ander direkteure teenkanting was, is dit deurgevoer. Ongelukkig is daardie vriend—jy weet natuurlik dat ek as weeskind deur hom grootgemaak is—nie meer daar nie. Die man wat vandag die hef in die hand het, beskou jou as die grootste gevaar op die aardbol. Die lêer met jou dokumente daarin is uitgehaal en vernietig. 'n Beloning van twintigduisend gulden is op jou kop geplaas."

Oloff vee met sy hand oor sy voorkop. Hy kyk na Henning en lag droog.

,,Soe,'' sê hy lakoniek. ,,En hoeveel keer het ons nie ons kop in 'n strop gesteek met daardie gerustheid in ons onderbewussyn dat indien ons wel deur een van julle betrap word, ons darem uit die hoogste kringe gered sal word nie.''

,,Ek is jammer, Oloff,'' sê Rynhardt ernstig. ,,Ek kon niks aan die saak doen nie.''

Dit is asof hy om verskoning vra dat hy Oloff in die steek gelaat het.

,,Natuurlik kon jy nie,'' verseker Oloff hom opgewek. ,,Ek het eintlik maar 'n grap gemaak. Ons leef daagliks maar 'n paar tree van die dood af. Daardie rang het vir my min beteken. Dit is jou vriendskap en vertroue wat tel—dit was ook net die band waardeur ek my uiteindelike onskuld sou kon bewys wanneer my taak voltooi was. Maar dit maak nie saak nie. Hierdie dinge kan ons nog almal oplos. Dit is nou jóú kans, Rynhardt, om jou naam in die geskiedenis te laat leef. Saam kan ons Deelenbaai verwoes! Hoe groot is jou vloot?''

Weer skud Rynhardt sy kop. Swaarmoedig wend hy hom effens van Oloff af weg.

,,My bewegings is gekniehalter—in daardie opsig,'' sê hy dan. ,,Een van die kapteins van my ses skepe is die seun van die man wat vandag meer invloed het as enige ander—juis daardie heer I van die sewentien wat jou voëlvry verklaar het. Hierdie jong kalant, Gerhard Rheedert van Rynland, is die oogappel van sy vader. Hy verbeel hom dat die wêreld geskep is vir sy uitsluitlike gebruik en dat almal wat om die een of die ander rede saam met hom daarop bestaan 'n sekere verpligting teenoor hom het. Hy is tot die grond toe bederwe en in alles kry hy sy sin. In een opsig was die oubaas egter ferm: Hy moes opleiding as seeman hê—en dadelik het jong Gerhard aangeneem dat hy bestem is om sommer binnekort die hele vloot oor te neem. Dit is my suur lot om hierdie jong snuiter in bevel van een van my skepe te hê.'' Rynhardt maak 'n verontskuldigende gebaar met sy hande. ,,In alle geval, dit is nie alles ter sprake nie. Die feit bly staan dat ek in 'n moeilike posisie





verkeer. Handel ek nie streng volgens opdrag nie, word elke afwyking natuurlik dadelik gerapporteer.''

,,Dit is jammer,'' sê Oloff ná 'n oomblik van bepeinsing. ,,Maar ek kan nie glo dat 'n gewigtige saak soos hierdie, wat vir die kompanjie van lewensbelang is, deur 'n individu beïnvloed kan word nie. Jy weet net so goed soos ek, Rynhardt, dat die handelsroetes nooit veilig sal wees solank Deelenbaai bestaan nie. Ek kan op eie houtjie voortgaan, maar dit mag nog jare duur. Ek sal nie rus voor daardie nes van onheil uitgeroei is nie. Intussen word onskuldige lewens daagliks aan 'n wrede dood blootgestel, en vir dié wat nie so gelukkig is om dadelik te sterf nie, volg lewenslange slawerny—'n stadige dood.

,,Daarom het ek gehoop dat jy sal kan help. Ek het 'n goeie plan, maar my bemannings en my twee skepe is nie voldoende nie.'' Hy sug. ,,Ek het vanaand gemeen dat dit een van die laaste kere sal wees dat ek soos 'n roofdier in die nag geheimsinnig 'n afspraak moet nakom. Ek het gretig daarna uitgesien om saam met jou hier weg te vaar, sodat wanneer ons tot die beskawing terugkeer, ek die bestaan van 'n normale mens sal kan voer.'' Hy laat sy kop sak. Henning wat nog steeds swyend langs hom staan en wat miskien beter as enige ander weet watter bittere teleurstelling die uitslag van hierdie ontmoeting vir Oloff is, plaas sy hand op sy skouer en druk dit saggies.

Oloff trek sy skouers agteroor. Hy lag skielik.

,,Dit is 'n harde slag,'' sê hy amper geestig. ,,As jy kon help, Rynhardt, sou jy aan my en die getroue vriende wat my nou al jare lank volg, 'n rustige bestaan geskenk het. Maar ek verstaan dat dit vir jou onmoontlik is, en glo my Rynhardt, ek neem jou dit nie kwalik nie. Ek is dankbaar dat jy ten spyte van alles hierdie afspraak nagekom het—dit is vriendskap en vertroue soos joune wat die lewe vir my die moeite werd maak. Dit is omdat daar mense soos jy is dat ons sal volhard in ons voorneme om die see van elke kaperboot skoon te vee.''

,,Oloff,'' Rynhardt te Hoogen se stem is dringend. Dit spreek